

DRAMA

- 1.1.1. Maniërisme: maniere/gewoontes wat herhaal word. Bv oë knip
- 1.1.2. Projeksie: jy moet hard genoeg praat dat jou stem tot agter in die lokaal gehoor kan word.
- 1.1.3. Artikulasie: woord reg en hard genoeg uitspreek.
- 1.1.4. Volume: hoe hard/sag jy moet praat.
- 1.1.5. Tempo: hoe vinnig/stadig jy moet praat.
2. Trek die aandag van die gehoor en sorg dat die vertoning nie eentonig/vervelig raak nie.
3. Wanneer jy klem op 'n spesifieke woord of gedeelte van 'n sin plaas, wys jy die belang van die oomblik/gebeurtenis uit.
4. Om asem te skep tussen woorde asook om 'n belangrike feit te laat uitstaan.
5. Ja, die plek waar die klem val, kan die betekenis van die sin heeltemal verander, bv. Kom ons eet Ouma teenoor kom ons eet, Ouma.
6. Gemoedstemming
7. Dit is die plek waar die storie/drama afspeel bv. die strand
8. Onderwerp, karakters, ligging, tyd en gehoor.
9. 9.1 Liniêre tyd: normale tydsverloop/chronologiese tydsverloop bv. eers gebore dan lewe dan dood.
- 9.2 Spronge in tyd: beweeg vorentoe/agtertoe in tyd om die belang van 'n gebeurtenis te beklemtoon.
- 9.3 teikengehoor: die mense wat na die opvoering toe kom.
10. 'n Geskrewe stuk kritiek/verslag oor 'n toneelopvoering, fliek, boek, musiek of kunswerk.
11. Dit is die persoon wat die resensie skryf.
12. Waar
13. 13.1 Tragedie is 'n storie waar daar dood is, gevoel van verlies of 'n slegte gebeurtenis voorkom. Die antieke Grieke/Romeine was veral lief om dit te gebruik.
- 13.2 Musiekblyspel: Storie word vertel deur sang, dans en musiek. Die sang gebeur in die vorm van 'n koor. Gewoonlik is daar twee jong verliefdes en 'n derde jaloerse persoon, wat die verhouding wil opbreek betrokke. Aan die einde kom die jong verliefdes weer bymekaar uit en dit het 'n gelukkige einde.
- 13.3 Opera: die storie word vertel deur musiek en sang.
- 13.4 Ballet: die storie word vertel deur musiek en dans.
14. Handpoppe, vingerpoppe, marionette, lewensgrootte poppe, skadupoppe.
15. Pantomime: Dit is 'n ou sprokie wat gemoderniseer word. Dit is 'n komiese storie. Dit word gewoonlik tydens kerstyd opgevoer. Die hoofspelers word deur aantreklike jong akteurs/aktrises vertolk. Die by-rolle word deur ouer akteurs vertolk en dan ruil die rolle bv. mans word deur vroue gespeel en vroue word deur mans gespeel.

VISUELE KUNS:

1. Lyn, vorm, kleur, tekstuur en toonkleur.

- 2.1.1 Lyn: merk wat met bv. 'n potlood op 'n papier gemaak word.
- 2.1.2 Balans: ewewig in 'n tekening/ontwerp
- 2.1.3 Kontras: die verskil tussen donker en lig
- 2.1.4 Tekstuur: gevoel van grof/glad deur tekeninstrument verkry.
- 2.1.5 Kleur: bv. rooi, blou, groen
- 2.1.6 Ritme: reëlmatige herhaling van lyne, patrone en vorms.
- 2.1.7 Proporsie: verhouding tussen voorwerpe
- 2.1.8 Toonkleur: skakering van 'n spesifieke kleur vanaf lig tot donker
- 2.1.9 Vorm: buitelyn van 'n voorwerp bv. 'n sirkel.
- 2.1.10 Klem: beklemtoon die belang van 'n deel van die voorwerp/'n voorwerp as geheel.
3. Balans, kontras, klem, ritme en proporsie.
4. Ja dit is.
5. Ja, dit kan jou laat rustig voel of kwaad of hartseer en kan jou besluitneming beïnvloed.
6. Ja, wanneer dit op historiese geboue gevef word of sleutel punte van die staat.
7. Ja dit is.
8. Gebruik "lelike" strukture soos die torings by kragstasies om dit met graffiti te versier. Gebruik bordkryt om graffiti te doen, dit kan afwas. Vra toestemming van huiseienaars om betonmure te versier met graffiti.
9. 'n Sosiale kwessie is 'n probleem wat algemeen deur 'n hele gemeenskap ervaar word. bv. werkloosheid.
10. Werkloosheid, rasisme, mensehandel, waterskaarste, bedrog/korrupsie, geweld teen vroue, geweldadige betogings en stakings.
11. Dit is seine wat gebruik word om 'n boodskap/inligting oor te dra.
12. Vrede (kernontwapening).
13. Die "V" wat met vingers gevorm word, die duif met olyftakkie en die olyfkrans.
14. Lyne soos: Dik lyne, dun lyne, horisontale lyne, vertikale lyne, diagonale lyne, gekurfde lyne.